Tuisonderwys Hulpbronne

Graad 8 Kwartaal 3
Afrikaans Opsomming

Selfstandige naamwoorde

❖ Soortname

Dit is dinge wat ons kan sien en kan aan raak.

Voorbeelde:

- Tafel
- Tas
- Hemp
- Bed, ens.

❖ Eiename

Dit is die name van mense, diere, winkels, dorpe, lande, ens.

Voorbeelde:

- Suid-Afrika
- Daniel
- Spar
- George, ens.

❖ Abstrakte selfstandige naamwoorde

Dit is iets waaraan ons nie kan raak nie en ook nie kan sien nie.

Dit het gewoonlik met emosies te doen.

Voorbeelde:

- Liefde
- Hartseer
- Kwaad
- Teleurgesteld, ens.

Eiename

'n Eienaam is die naam van 'n persoon of plek, soos Daniël of Gauteng. Eiename is spesifieke naamwoorde wat altyd met 'n hoofletter geskryf word en gebruik word om iemand of iets unieks te identifiseer.

Eiename onderskei hulle van selfstandige naamwoorde (spesifiek soortname) deurdat hulle:

- na enkele, unieke sake verwys;
- gewoonlik nie met die onbepaalde lidwoord ('n) gebruik kan word nie;
- gewoonlik nie in die meervoud gebruik kan word nie; en
- gewoonlik nie deur 'n byvoeglike naamwoord bepaal kan word nie.

Tipes eiename

Daar is baie verskillende tipes eiename: vanne, voorname, byname, toename (name wat 'n beskrywende element bygevoeg kry), name van bevolkingsgroepe, taalbenamings, geografiese name, straatname, geologiese tydperke, maand- en dagname, name vir geskiedkundige gebeurtenisse ensovoorts.

Hier is 'n paar voorbeelde:

- Arnold, Jan-Hendrik, Michelle
- Marais, Botha, Van der Merwe
- Kleinjan, Rooi Koos, Sarie Grootlieg
- Athena, Nimrod, Zeus
- Australiër, Griekwa, Khoi
- Afrikaans, Engels, Suid-Sotho
- Hoofstraat, Kerkstraat, Soutpansbergweg
- Anglo-Boereoorlog, Tweede Wêreldoorlog
- Dinsdag, Donderdag
- Maart, November
- Alexander die Grote, Elizabeth the Tweede, Modjadji die Reënkoningin
- Gatjieponder, Tukkie
- Klaas Vakie, Koning Leeu, Liewe Heksie, Moeder Aarde
- Goeie Vrydag, Kersfees, Ramadaan
- Moedersdag, Valentynsdag

Samestellings met eiename

Benewens eiename wat net uit een woord bestaan (Johan, Vrystaat), kan 'n eienaam ook uit twee of meer dele bestaan wat met hoof- en/of kleinletters in verskillende kombinasies geskryf word (Van Zyl, Dooie See, Kaap die Goeie Hoop). 'n Eienaam kan ook gevorm word deurdat twee soortname bymekaargevoeg word (Kerkstraat). Indien 'n eienaamverbinding as geheel aan die vereistes van eiename voldoen, tree die verbinding as eienaam op. So nie tree die verbinding as soortnaam op.

Daar kan tussen die volgende tipes eienaamverbindings onderskei word:

'n Eienaamverbinding as eienaam: In so 'n geval word 'n eienaam aan 'n soortnaam of ander eienaam (of meer as een van elk) verbind en dit vorm dan 'n samestelling wat ook as eienaam optree, bv. die Nelspruithospitaal.

'n Eienaamverbinding as soortnaam: In so 'n verbinding sluit die samestelling een of meer eiename in, maar die geheel tree nie as eienaam op nie, bv. 'n Toyota-onderdeel.

'n Soortnaamverbinding as eienaam: In so 'n geval verkry die verbinding eers eienaamstatus wanneer soortnaamwoorde saamsmelt en 'n naam vorm, bv. Rietvlei. Baie straatname word so saamgestel, bv. Bloedstraat, Kerkstraat.

❖ <u>Afleidings van eiename</u>

- Afgeleide byvoeglike en selfstandige naamwoorde van eiename (uitgesonderd multiwoordeiename, saamgestelde eiename wat met 'n koppelteken vas geskryf word, geografiese eiename en taalbenamings) kan met 'n hoofletter of 'n kleinletter begin. Bv. Boeddhisties of boeddhisties; Bybels of bybels; Darwinisties of darwinisties; Gregoriaans of gregoriaans; Hertzogiet of hertzogiet; Marxisties of marxisties.

- Afgeleide byvoeglike en selfstandige naamwoorde van multiwoordeiename, saamgestelde eiename wat met 'n koppelteken vas geskryf word, geografiese eiename en taalbenamings behou die hoofletter(s), spasie(s) en/of koppelteken(s) van die basis. Bv Suid-Afrikaner, Nuwe Testamentikus, Gautenger, Anglo-Amerikaas, Brits.

- Wanneer so 'n byvoeglike naamwoord saam met 'n soortnaam 'n woordgroep vorm, begin die tweede deel van die woordgroep met 'n kleinletter. Bv Belgiese sjokolade, Duitse masels, Kaapse wyn, Switserse knipmes.

- Werkwoorde wat van eiename afgelei is, uitgesonderd multiwoordeiename en saamgestelde eiename wat met 'n koppelteken vas geskryf word, begin met 'n kleinletter. Bv. amerikaniseer, google, pasteuriseer, verafrikaans, verwesters.

- Indien 'n werkwoord afgelei word van 'n multiwoordeienaam (bv. New York) of 'n saamgestelde eienaam wat met 'n koppelteken vas geskryf word (bv. Suid-Afrika), word die skryfwyse van die basis behou. Bv. ver-Suid-Afrikaans; Suid-Afrikaniseer, New Yorkifiseer.

- Indien byvoeglike en selfstandige naamwoorde met behulp van voorvoegsels soos on-, ont-, en ver- en/of agtervoegsels soos -asie en -ing afgelei word van 'n werkwoord wat op 'n eienaam berus, word die voor- en/of agtervoegsel sonder 'n koppelteken vas aan die stam geskryf en begin die eienaamelement met 'n kleinletter. Bv herverfransing, verafrikaanste, afrikanisasie, anglisering.

❖ Soortname as eiename

Soortname wat as eiename of as dele van meerledige eiename optree, kry aanvangshoofletters:

- Nuwe Testament
- Departement van Buitelandse Sake
- Fakulteit Geesteswetenskappe
- Hooggeregshof van Suid-Afrika
- Afrikaanse Hoër Seunskool
- Grieks-Ortodokse Kerk
- Kommissie vir Waarheid en Versoening
- Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
- Arbeidersparty
- Christen-Demokratiese Unie
- Uniegebou, Administrasiegebou
- Hoëveld, Langeberge
- Melkweg, Suiderkruis
- Vrede van Vereeniging
- Eerste Wêreldoorlog
- Hervorming
- Middeleeue
- Nasionale Hartweek
- Derde Wêreld
- die Ooste
- Noordpool

❖ Eiename as soortname

Eiename wat as soortname optree, behou gewoonlik die hoofletters van hul eienaamekwivalente.

Volkswagens, Corollas, Klipdrift, Lux, Stuyvesants
'n Stel Van Wyk Louws, sewe Oscars

❖ Eienaamverbleking

'n Eienaamverbleking begin gewoonlik met 'n kleinletter:

- adonis (aantreklike man) teenoor Adonis (mitologiese figuur)
- amasone (strydbare vrou) teenoor Amasone (mitologiese figuur)
- bosbou (aanplant van bosse) teenoor Bosbou (departementsnaam)
- moederaarde (grond) teenoor Moeder Aarde (personifikasie)
- 'n blinkstefaans, 'n plaasjapie, braille, cutex, mauser of mouser, vaseline.

❖ Meervoude van eiename

- Eiename wat op die uitgespreekte konsonantletters s, x of z of die konsonantgroepe sch, sh of tz eindig, kry 'n meervoudsvorm met -e.
  Bv. Buyse, Strausse, Marxe, Scholtze.

- Eiename wat op die konsonantletters c, d, f, g, h, k, l, m, n, q, r of t of die konsonantgroepe ch of gh eindig, kry 'n meervoudsvorm met -s.
  Bv. Lombards, Boshoffs, Bosmans, Rautenbachs, Hattinghs.

- Eiename wat op 'n onbeklemtoonde a, e, ie of oo eindig, kry 'n meervoudsvorm met -s.
  Bv. Bothas, Reynekes, Zeelies, Naidoos, Prinsloos.

- Eiename wat op 'n y eindig, kry 'n meervoudsvorm met -s.
  Bv. Kays, De la Reys, Roys, Barrys, Reddys.

- Eiename wat op 'n beklemtoonde a of op i, o of u eindig, kry 'n meervoudsvorm met -'s.
  Bv. Van Breda's, Buthelezi's, Hugo's, Mahlangu's.

- Eiename wat op 'n vokaalletter met 'n diakritiese teken eindig, kry 'n meervoudsvorm met -s.
  Bv. Andrés, Kotzés, Naudés.

- Eiename wat op 'n onuitgespreekte e of s eindig, kry 'n meervoudsvorm met -'e of -'s.
  Bv. Estelle'e, Suzette'e, Terblanche'e, Celliers's, Du Plessis's.

- Eiename wat op 'n onuitgespreekte t, w, x of z eindig, kry 'n meervoudsvorm met -s.
  Bv. Du Toits, Rossouws, Rouxs.

❖ Eiename uit Afrikatale

Eiename uit die Afrikatale behou in Afrikaans die spelling en skryfwyse wat hulle in die brontaal het, behalwe dat die klasvoorvoegsel gewoonlik weggelaat word.

Geografiese name: Bophuthatswana, Burundi, Lesotho, Malawi
Persoonsname: Dingane, Mpande, Shaka, uMzilikazi (in Zoeloe)
Groepsname: Dlamini, Ndebele, Qwabe
Sibbename: Gumede, Khumalo, Ngwe
Regimentsname: Gobamakhosi, Thulwana
Taalbenamings: Ndebele, Sotho, Swati of Swazi, Tsonga, Tswana, Venda, Xhosa, Zoeloe of Zulu.

Soms kan 'n selfstandige naamwoord van 'n eienaam afgelei wees, maar dan verloor dit sy hoofletter. 'n Goeie voorbeeld is die lugskip "zeppelin" wat na 'n persoon "Zeppelin"

genoem is: die Duitse graaf Ferdinand von Zeppelin. In Duits is die reëls nogtans anders. Daar word alle selfstandige naamwoorde met 'n hoofletter geskryf en heet die lugskip ook "Zeppelin".

Soortname

'n Soortnaam is 'n selfstandige naamwoord wat deur die onbepaalde lidwoord 'n voorafgegaan kan word en 'n meervoud kan hê. Dit geld ook vir abstrakte selfstandige voornaamwoorde, bv. 'n groot liefde, vele liefdes.

Soortname as eiename
Soortname wat as eiename of as dele van meerledige eiename optree, kry aanvangshoofletters:

- Nuwe Testament
- Departement van Buitelandse Sake, Fakulteit Geesteswetenskappe
- Hooggeregshof van Suid-Afrika
- Afrikaanse Hoër Seunskool
- Grieks-Ortodokse Kerk
- Kommissie vir Waarheid en Versoening
- Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
- Arbeidersparty, Christen-Demokratiese Unie
- Uniegebou, Administrasiegebou
- Hoëveld, Langeberge
- Melkweg, Suiderkruis
- Vrede van Vereeniging, Eerste Wêreldoorlog
- Hervorming, Middeleeue, Nasionale Hartweek
- Derde Wêreld, die Ooste, Noordpool

Stofname

- 'n Stofnaam is 'n selfstandige naamwoord wat iets aandui wat nie getel kan word nie. Die meervoud word nie gebruik om die hoeveelheid aan te dui nie, maar eerder om meervoudige soorte aan te dui. Bv: Jannie drink baie koffie.
- Stofname verwys na elemente en stowwe.

Byvoorbeeld:
- Platinum
- Silwer
- Goud
- Lood
- Yster
- Sand
- Melk.

- Let daarop dat die woorde nie telbaar is nie, jy kan nie sê een melk nie, maar wel een bottel melk, een staaf goud.
- Geen van die eienskappe van selfstandige naamwoorde is op hierdie woorde van toepassing is nie.
- Jy kan nie van ‘n goud praat nie.
- Daar is geen meervoudsvorm nie en dit dui geen geslag aan nie – dus moet jy hierdie woorde leer en onthou.

Let op: Indien sommige van hierdie woorde in die meervoud gebruik word, is hulle nie meer versamelname nie, bv.

- Ek het baie ysters in die vuur, in watter geval ysters ‘n soortnaam

Let op: As die stofnaam verbuig is, is dit nie meer ‘n stofnaam nie, bv.
goue horlosie is ‘n byvoeglike naamwoord – vertel meer van die selfstandige naamwoord (horlosie).

Maatname

‘n Soortnaam word ‘n maatnaam as die saam met ‘n stof naam gebruik word bv. ‘n **knippie** sout.
Soortname wat 'n nuwe funksie verrig, en daarom 'n nuwe naam kry: dit word gebruik om 'n ander s.nw. (soortname en massaname) te meet.

- 'n Boks perskes
- 'n Emmer vrugtekoekmengsel
- 'n Liter melk.
- ‘n Hand vol blomme.

Versamelname

'n Versamelnaam of versamelwoord is 'n selfstandige naamwoord wat 'n versameling dinge van dieselfde soort aandui. Hoewel versamelwoorde na 'n versameling of groepering verwys, is hulle almal enkelvoude.

Enkele voorbeelde ter illustrasie (die versamelnaam word in vetdruk aangedui):

- Dit is 'n pragtige bos blomme.
- Ek het 'n stapel boeke om te studeer!
- Watter rugbyspan ondersteun julle?

Voorbeelde:

- bagasie - 'n Versameling koffers en goedere wat 'n reisiger met hom saamneem.
- baksel - Baie brood wat saam gebak is.
- beddegoed - Lakens, komberse, kussingslope as eenheid beskou.
- bende - 'n Klomp rowers of skollies saam vorm ’n bende.
- biblioteek - 'n Versameling boeke (gewoonlik in openbare besit).

- blok - Groep geboue dorp of stad.
- boekery - 'n Versameling boeke (gewoonlik in persoonlike besit).
- bondel - Wasgoed bymekaar.
- bos - 'n Groep bome, blomme of sleutels bymekaar.
- broeisel - 'n Aantal eiers of kuikens wat saam op een slag uitgebroei is.
- bloemlesing - 'n Versameling uitgesoekte werke van skrywers of 'n spesifieke skrywer.

Voorsetsels

'n Voorsetsel sê vir ons waar die aksie in die sin plaasvind. Of dit kan aandui waar iets is. Dit kan ook tyd aandui.

Voorbeelde:

- Die boek is in die kas.
- Ek gaan na die winkel.
- Ons gaan vir 'n draf.
- Die kind staan langs die deur.
- Sy speel met haar bal.
- Die blik is op die kas.

Tydsvorme

Daar bestaan slegs 3 tye in Afrikaans:

- **Teenwoordige tyd** - nou
- **Toekomende tyd** - môre
- **Verlede tyd** - gister

Die drie tye:

Teenwoordige tyd

Die handeling word **nou** gedoen. Kyk altyd na die werkwoord in die sin.

- Ek ontmoet die man.
- Ek is baie moeg.
- Ek skryf die brief.

Lydende Vorm:

- Die brief word geskryf.
- Ek **is** besig om die geskenke oop te maak.

❖ Verlede tyd

Die handeling **is klaar** gedoen.
(het + ge- + werkwoord)

- Ek het die man ontmoet.
- Ek was baie moeg.
- Ek het die brief geskryf.

Lydende Vorm:

- Die brief is geskryf.
- Ek het die geskenke oopgemaak.

➢ **Maar**... as 'n werkwoord begin met: **be-; ge-; her-; er-; ont-; ver-; mis-; pro-** kry dit nie 'n ge- in die verlede tyd nie.

Byvoorbeeld:

- Begin - Jy kan nie sê gebegin nie!
- Herken - Jy kan nie sê geherken nie!

➢ As daar 'n hulpwerkwoord is, verander slegs die hulpwerkwoord in die verlede tyd:

- Ek **kan** brei. ⟹ Ek **kon** brei. ⟹ Ek **sal kan** brei.
- Ek **wil** slaag. ⟹ Ek **wou** slaag. ⟹ Ek **sal wil** slaag.

Jy kan gevra word om 'n sin wat in die toekomende tyd geskryf is, in die verlede tyd te skryf. Verander dan net die hulpwerkwoord.
Doen dit só:

- Ek **sal** kom kuier. ⟹ Ek **sou** kom kuier.
- Ek **moet** die hond kos gee. ⟹ Ek **moes** die hond kos gee.

❖ Toekomende tyd

Die handeling is **nog nie** afgehandel **nie**.
(sal + werkwoord)

- Ek sal die man ontmoet.
- Ek sal baie moeg wees.
- Ek sal die brief skryf.

Lydende Vorm:

- Die brief **sal** geskryf word.

Ek **sal** nog die geskenke oopmaak.

Sinstipes

Ons het die volgende sinsoorte:

- Vraagsin : Wanneer ‘n vraag gevra word. Die sin eindig met ‘n uitroepteken.
- Uitroepsin : Iemand gee uiting aan ‘n emosie of gevoel. Ons gebruik ‘n uitroepteken na die uitroep.
- Stelsin : Wanneer ‘n stelling gemaak word. Sin eindig met ‘n punt.
- Bevelsin : Wanneer ‘n opdrag gegee word. Sin eindig met ‘n uitroepteken.

Voorbeelde:

- Kan ek asseblief saam met julle loop? (Vraagsin)
- Gaan maak jou kamer nou skoon! (Bevelsin)
- Dit is ‘n pragtige rok. (Stelsin)
- Passop! Daar is ‘n slang. (Uitroepsin)

Spreekwoorde en idiomatiese uitdrukkings

Voor op die wa wees.	Om arrogant te wees.
Die wa voor die osse inspan.	Om agterstevoor te werk.
Die aap uit die mou laat.	Die geheim verklap.
Sy hart sak in sy skoene.	Sy moed begewe hom.
Hy het nie al sy varkies op hok nie.	Hy in nie by sy volle verstand nie.
Die gees gee.	Doodgaan.
Gekke en dwase skryf hul name op deure en glase.	Net dwase vandaliseer en bekrap openbare plekke.
Papier is geduldig.	Baie onsin en leuns word geskryf.
Hy kry die wind van voor.	Hy kry baie moeilikheid.
Die pen is magtiger as 'n swaard.	Praat eerder iets uit as om te baklei.
Die poppe gaan dans.	Daar gaan moeilikheid wees.
Tussen die boom en die bas.	Nie goed nie en nie sleg nie.
Slaap soos 'n klip.	Slaap baie vas.
'n Gegewe perd in die bek kyk.	'n Geskenk kritiseer.
Daar is 'n slang in die gras.	Daar is iets wat nie reg is nie.
Met iets op die lappe kom.	Iets noem.
Die soos 'n rooi lap vir 'n bul.	Dit maak mens baie kwaad.
'n Oulap se rooi maak mooi.	'n Bietjiie rooi laat enige iets mooi lyk.
Die appel val nie ver van die boom af nie.	'n Kind aard gewoonlik na sy ouers.
'n Appeltjie vir die dors bewaar.	Iets bêre vir 'n tyd van nood.
Iets vir 'n appel en 'n ei verkoop.	Iets spot goedkoop verkoop.
Iemand gooi appels.	Iemand slaan vuis.
'n Appeltjie met iemand te skil hê.	Iets met iemand bespreek wat vir hom onaangenaam gaan wees.

Een vrot appel steek al die ander aan.	'n Slegte persoon het 'n negatiewe invloed op ander.
Deur 'n suur appel byt.	'n Onaangename, maar noodsaaklike taak verrig.

Bywoordelike en byvoeglike bepalings

By die onderwerp, gesegde en voorwerp staan dikwels woorde of frases wat beskryf of nader bepaal. Hierdie bepalings gee dus nadere besonderhede omtrent die voorwerp of gesegdewoord. Op hierdie manier kry ons verskillende soorte bepalings:

❖ Bywoordelike bepalings

Die woord of frase wat die gesegdewoord van die sin nader bepaal, noem ons 'n bywoordelike bepaaling.

Voorbeelde:

- Ons gaan **nêrens nie**.
- Draai **links**.
- Ek kom **oormore** terug.
- Ek sien hom **elke dag**.
- Wie loop **daar**?

❖ Byvoeglike bepaling

Die woord of frase wat die voorwerp of onderwerp beskryf of nader bepaal, noem ons 'n byvoeglike bepaling.

Voorbeelde:

- Die **mooi** blomme.
- **Daar** woon ryk boere.
- Ons het **genoeg** water en **volop** vleis.
- Hy het **wakker** gelê in die bed.
- Jan het **uitgeput** by die huis aangeland

Sinonieme

'n Sinoniem is 'n woord wat dieselfde—of byna-byna dieselfde—betekenis as 'n ander woord het.

- Aanwesig teenwoordig

advertensie	reklame
bly	opgewonde
bang	bevrees
chemie	skeikunde
dwing	forseer
giftig	toksies
kwaad	woedend
moeg	uitgeput

Antonieme

’n Antoniem is ’n woord met die teenoorgestelde betekenis as ’n ander.

vlak	diep
nat	droog
ongelukkig	gelukkig
klein	groot
sag	hard
hoog	laag
fluks	lui
lank	kort
maklik	moeilik
bo	onder

Homonieme

Homonieme is woorde wat eenders klink en verskillende betekenisse het. Hulle klink óf dieselfde óf word dieselfde gespel, maar hul betekenisse verskil.

Voorbeelde:

as	-dit wat oorbly as iets verbrand het	-as van ’n motor
bitter	-bitter smaak	-baie (bv. bitter koud)
brak	-hond	-souterig
by	-insek wat heuning maak	-in die nabyheid
eg	-nie vals nie	-plaaswerktuig
geld	-betaalmiddel	-van toepassing wees op
graaf	-waarmee ’n mens spit	-edelman
kan	-in staat wees	-waarin die koffie is
kant	-uiterste rand	-fyn weefsel
kom	-skottel	-iets of iemand nader

Homofone

Homofone is woorde wat dieselfde uitgespreek word, maar verskillend gespel word en verskillende betekenisse het.
Voorbeelde:

- bond(vereniging), bont (veelkleurig)
- boud (agterste, dig liggaamsdeel), bout (dit word met n moet vasgedraai)
- brei (doen dit met velle of ‘n sportspan), bry (die klank ‘r’ met die kleintongetjie uitspreek)
- dokter (geneesheer), doktor (iemand wat die hoogste akademiese graad verwerf het)
- end (die einde), ent (die loot van een boom in die spleet van ‘n ander)

Speltekens:

❖ Ellips

Die ellipsteken bestaan uit drie stippels (...) wat aandui dat daar 'n lang pouse in die dialoog is, dat 'n spreker onderbreek word, of dat daar letters, woorde of stukke inligting uit die teks weggelaat is.
Wanneer die ellipsteken 'n deel van 'n woord vervang, word dit sonder spasies aan die res van die woord vas geskryf.
Wanneer dit egter 'n hele woord, frase of sin vervang, word dit met 'n spasie aan weerskante geskryf.
Die ellipsteken dui 'n langerige pouse aan en word dan met spasies aan weerskante geskryf, bv:
Hy was so oorweldig ... hy het werklik nie geweet wat om te sê nie.

Die ellipsteken dui aan dat 'n woord- of sinsdeel weggelaat is.
Dit word gebruik waar 'n sin of sinne uit 'n aanhaling weggelaat word.
Dit word gebruik waar 'n deel van 'n woord (dikwels 'n taboewoord) nie uitgeskryf word nie, ongeag hoeveel letters weggelaat word.
Die ellipsteken word by die direkte rede gebruik wanneer dialoog onderbreek word.

❖ Vraagteken

'n Vraagteken, ook bekend as 'n ondervragingspunt of ondervragingsteken, is 'n leesteken wat gebruik word om aan te dui dat 'n sin 'n vraag is. Dit word gebruik aan die einde van 'n sin wat 'n vraag vra en dit vervang die punt.

Voorbeelde:

- Hoe gaan dit?
- Is die toets Vrydag?
- Sy het my gevra: "Waar is die opbergkas?"
- Wanneer kom die trein?
- Waar is die badkamer?
- Is jy by die huis?
- Hoekom het jy hier gestop?
- Hoe het jy dit gedoen?
- Watter kleur is die hemp?
- Wanneer sal jy aankom?

❖ Uitroepteken

'n Uitroepteken, ook bekend as die uitroepteken, is 'n leesteken wat gebruik word om sterk emosies en gevoelens aan te dui. Dit word in uitroepsinne en met tussenwerpsels gebruik.Dit word gebruik by bevelsinne en ook waar sterk gevoel oorgedra word.

Voorbeelde:

- Hoe sorgeloos kan jy wees!
- Wat 'n wonderlike lewe!
- Dit is regtig wonderlik!
- Sjoe! Dit is goeie nuus.
- O! Ek is so jammer.
- Helaas! Dit is regtig erg. Wat gaan jy daaromtrent doen?
- Sam het gesê: "Ek is mal oor hierdie fliek!"
- Watter senuwee het sy om te sê, “Jy is onbeskof”!
- Die span het saam geskree, “Whoa! Ons het dit uiteindelik gedoen.”
- Wat 'n dag!

❖ Punt

'n Punt word hoofsaaklik gebruik om 'n sin te beëindig. Dit word meestal aan die einde van verklarende sinne en dwingende sinne gebruik. 'n Punt dui 'n langer pouse aan as 'n komma en 'n kommapunt. Verder dui dit op die einde van 'n gedagte en die begin van 'n ander. Dit word gebruik aan die einde van 'n stelsin en by afkortings.

'n Punt word gebruik:

- Om hoofsaaklik die einde van 'n sin te merk.
- Om die einde van bevele, instruksies, bevele en versoeke te merk.
- Na kort vorms en afkortings.
- Na 'n voorletter.
- Aan die einde van 'n sin wat 'n indirekte vraag bevat.

- In webwerf-URL's en e-posadresse.

❖ Komma

Terwyl 'n punt 'n sin eindig, dui 'n komma 'n kleiner breuk aan. Sommige skrywers dink aan 'n komma as 'n sagte pouse - 'n leesteken wat woorde, klousules of idees binne 'n sin skei.

Voorbeelde:

- Simon benodig brood, melk en botter by die kruidenierswinkel.
- Ek moet nog 'n geskenk koop, die tasse pak, en reël dat iemand die plante water gee terwyl ons by die troue is.
- My onderwyser is taai, maar regverdig.
- Cleo is 'n goeie sangeres, maar sy is 'n selfs beter danser.
- Posey's Cafe, wat Chester aanbeveel het, is 'n fantastiese restaurant.
- My vrou, vir wie ek baie lief is, is 'n briljante fisikus.
- My lewensmaat, Angela, is 'n wonderlike kok.
- Die skilder, een van die stad se mees belowende jong kunstenaars, het sy werk in galerye begin wys voordat hy sestien was.
- Sjokolade, my gunsteling bederf, laat my altyd beter voel na 'n slegte dag.
- Kate het haar sambreel gegryp en uit die huis gejaag.

Afkortings en verkortings

❖ Afkortings

‘n Afkorting is die verkorte skryfwyse vir ‘n woord.
Jy spreek nogsteeds die hele woord uit.

Voorbeelde:

Mnr.	Meneer
Mev.	Mevrou
Ds.	Dominee
ens.	ensovoorts
asb.	asseblief
i.p.v.	in plaas van
bl.	bladsy
Mej.	Mejuffrou
Dr.	Dokter
m.a.w.	met ander woorde
d.w.s.	dit wil sê
nr.	Nommer
km	kilometer
m	meter

- mm millimeter
- kg kilogram
- g gram
- a.g.v. as gevolg van
- S.A. Suid-Afrika

❖ Verkortings

'n Verkorting bestaan uit 'n woord se eerste lettergreep en die volgende konsonant.

Voorbeelde:

- Geskiedenis – Gesk.
- Brittanje – Brit.
- aanb. – aanbod
- aand. – aandeel
- aanh. – aanhangsel
- aank. – aankoms
- aanm. – aanmerking
- aant. – aantekening
- aanvr. – aanvraag
- aanw. – aanwysend

Vraagvorme

Vraagvorme is woorde wat gebrui word aan die begin van 'n Vraagsin.

Voorbeelde:

- Wie?
- Wanneer?
- Waarmee?
- Waarom?
- Wat?
- Watter?
- Waarvan?
- Vir wie?

Eufemisme

'n Eufemisme of versagting is 'n woord, sinsdeel of soms 'n hele sin waarmee iets mooier of vriendeliker voorgestel word as wat dit werklik is. Die felheid daarvan word dus met versagtende woorde of uitdrukkings verbloem.

Voorbeelde:

- **Besuiniging**, beteken besnoeiings weens ekonomiese toestande, ipv om te sê besparings.
- Om oor die **blommetjies en bytjies** te gesels, om die eerste keer vir 'n kind van geslagsomgang te vertel.
- **E-posbemarking**, beteken gewoonlik die grootskaalse verspreiding van SPAM.
- **Etniese suiwering**, in plaas van die grootskaalse uitmoor van 'n bevolkingsgroep (volksmoord).
- **Gehoorgestoord**, as doof bedoel word.
- **Hardhandige ondervraging**, as marteling bedoel word.
- **Heengaan**, as bedoel word dat die persoon dood is.
- **Herorganisasie**, wanneer daar van massa afleggings sprake is.
- **Die houtjas aantrek**, sterwe.
- **Huispersoneel** of **algemene assistent** gebruik vir 'n huishulp of die ouer "bediende".
- **Lang vingers**, as na steel verwys word.
- **Ongewenste besoek**, wanneer inbraak bedoel word.
- **Prysaanpassing**, beteken meestal dat die prys styg, dus prysverhoging.
- **Regstellende aksie**, as rasvoorkeur of diskriminasie bedoel word.
- **Ruskamer**, eerder as om van 'n toilet te praat.
- **Stille diplomasie**, as goedkeuring en ratifikasie van ongewensde beleid bedoel word.
- **Straatkuns** in stede van graffiti.
- **Tussen betrekkings** klink beter as werkloos.
- **Transformasie**, as rewolusie of omverwerping van die huidige bestel bedoel word.
- **Uitsit** klink beter as om 'n dier van kant te maak.
- **Visueel gestrem**, as blind bedoel word.
- **Woefkardoes** of **brakkiesakkie**, om van oorskietkos te praat na 'n ete.

Figuurlike en letterlike betekenis

❖ Letterlik

Letterlike taal is wanneer woorde presies beteken wat hulle sê. Letterlike taal gebruik die woordeboekdefinisies van woorde, so daar is niks wat die leser moet interpreteer of raai nie.

Voorbeelde:

- Wolwe het skerp tande en 'n goeie reuksintuig.
- Meng eers meel, sout en koeksoda in 'n groot bak.
- Het jy geweet dat die menslike hand 27 bene het?
- Onderwater aardbewings veroorsaak dodelike golwe wat tsoenami's genoem word.
- Maak seker dat jy die verfkwas deeglik spoel.
- Die seun skop die bal.
- Die lug is blou.

❖ Figuurlik

Figuurlike taal is 'n manier om jouself uit te druk wat nie 'n woord se streng of realistiese betekenis gebruik nie. Gewoonlik in vergelykings en oordrywings, word figuurlike taal gewoonlik gebruik om kreatiewe floreer by geskrewe of gesproke taal te voeg of om 'n ingewikkelde idee te verduidelik.
Die woorde het 'n ander,of dieper betekenis. Byvoorbeeld: Dit is 'n blou Maandag. (Dinge loop skeef)/ Die arme man slaap op die sypaadjie. (Iemand om jammer te kry)
Figuurlike taal gebruik sluit: vergelykings, metafore, personifikasie en idiome in.

5 algemene tipes figuurlike taal

- **Vergelykings**

'n Vergelyking vergelyk twee verskillende dinge deur die woorde "soos" of "soos" te gebruik om die aandag op die vergelyking te vestig.

- "Die raaisel van hom het haar nuuskierigheid opgewonde gemaak soos 'n deur wat nie slot of sleutel gehad het nie." —Margaret Mitchell, Gone with the Wind
- "Hy het 'n groot skuim geswaai, waarna Spanjaarde soos koring na die sekel van die maaier afgegaan het." —Raphael Sabatini, The Sea Hawk

- **Metafoor**

'n Metafoor vergelyk twee verskillende dinge, soortgelyk aan 'n vergelyking. Die belangrikste verskil tussen 'n vergelyking en 'n metafoor is dat metafore nie die woorde "soos" gebruik nie.
Anders as vergelykings, erken metafore nie dat dit vergelykings is nie. 'n Letterlik-gesinde leser kan hulle dalk met die werklikheid verwar, wat hulle meer figuurlik en poëties maak.

- "Die son was 'n kleuter wat aanhoudend geweier het om te gaan slaap: Dit was al verby halfagt en nog lig." —John Green, The Fault in Our Stars
- "Alle godsdienste, kunste en wetenskappe is takke van dieselfde boom." —Albert Einstein, Out of My Later Years

- **Personifikasie**

Personifikasie is om menslike eienskappe aan niemenslike of abstrakte dinge te gee. Dit kan fisiese eienskappe ("die oog van die naald"), emosionele eienskappe ("'n enkele eensame skoen") of menslike optrede ("'n blaar wat in die wind dans") wees.

- “Omdat ek nie kon stop vir die Dood nie –
  Hy het vriendelik vir my gestop –
  Die koets het maar net onsself gehou –
  En onsterflikheid.”
  -Emily Dickinson, " Because I could not stop for Death

- “Die lewe beweeg redelik vinnig. As jy nie af en toe stop en rondkyk nie, kan jy dit mis.” —John Hughes, Ferris Bueller’s Day Off

- **Hiperbool**

Hiperbool is 'n groot oordrywing, dikwels onrealisties, om klem by 'n sentiment te voeg. As jy veral besig is, kan jy dalk sê: "Ek het 'n miljoen dinge om te doen"; as jy verveeld is, kan jy dalk sê: "Ek het niks om te doen nie." Nie een is eintlik waar nie, maar die frasering maak die stelling meer nadruklik.

- "Daar was geen haas nie, want daar was nêrens om heen te gaan nie, niks om te koop nie en geen geld om dit mee te koop nie, niks om buite die grense van Maycomb County te sien nie." —Harper Lee, To Kill a Mockingbird
- “Ek het alles in die hemel en op die aarde gehoor. Ek het baie dinge in die hel gehoor. Hoe dan, is ek kwaad?” —Edgar Allan Poe, The Tell-Tale Heart

- **Toespeling**

'n Toespeling is 'n verwysing na 'n voorafbestaande persoon, werk, gebeurtenis of bekende stuk popkultuur. Toespelings hou gewoonlik verband met algemene kennis, so geen verduideliking is nodig nie.

- “Die kamera het sy eie soort bewussyn; in die lens sou die Tuin van Eden self net so effens te volmaak word.” —Arthur Miller, Timebends: A Life
- "Vrees se kriptoniet is lag." —Richelle E. Goodrich, Slaying Dragons

Dubbelsinnigheid

Dubbelsinnigheid is die kwaliteit van dubbelsinnig, dit wil sê, dit is 'n term wat die kwaliteit uitdruk van wat vatbaar is vir verskillende interpretasies, almal samehangend, wat aanleiding gee tot twyfel, onnauwkeurigheid, verwarring of ambivalensie.

Voorbeelde:

- "Die kunstenaar het daarin geslaag om die essensie van die koninklike familie op die foto vas te lê."

→ Die frase kan geïnterpreteer word as 'n portret van 'n koninklike familie of as 'n realistiese portret van 'n gewone familie.

- Ceres.

→ Verwys die term na die dorp, Ceres, in die Wes-Kaap? Of Ceres vrugtesappe, wat van Ceres afkomstig is? Miskien vewys die term na die dwergplaneet Ceres, of na die Romeinse godin na wie die dorp en dwergplaneet vernoem is.

- "Juan het Pedro by sy huis ontmoet."

→ Wie se huis? Van Pedro of Juan? As dit oor Juan se huis gaan, is die volgende grammatikale oplossing: "Juan het Pedro by sy huis ontvang" of "Pedro het Juan by sy huis besoek".

Strukturele dubbelsinnigheid: geproduseer deur die orde of struktuur van die diskoers.
Byvoorbeeld: "Mansleerbeursies word verkoop."
Leksikale dubbelsinnigheid: word geproduseer wanneer woorde wat meer as een betekenis het, en wat albei toelaatbaar is, gebruik word.
Byvoorbeeld: "Hulle het mekaar op die laanbank ontmoet." In die voorbeeld is dit nie duidelik of dit 'n bank of 'n finansiële instelling is nie, wat albei sinvol is.

Feite en menings

Onder die belangrikste verskille tussen feit en opinie beklemtoon dat die feite verifieerbaar is, terwyl die opinies subjektief is. Verder sal die feite altyd dieselfde wees, aangesien dit objektiewe situasies is; in plaas daarvan, kan menings oor tyd wissel.

❖ Feite

'N Feit kan bevestig word; dit wil sê, dit kan geverifieer word dat dit op so 'n plek, op so 'n tydstip, met sulke mense betrokke was en sulke gevolge meegebring het. 'N Feit is iets wat werklik en objektief is.
Om hierdie rede kan dit nie mettertyd verander nie. Dit is iets wat gebeur het en daarom nie verander kan word nie. Dit is hoe dit is, hoe dit gebeur het.

Voorbeelde:

- Die somer-sonstilstand is 21 Junie.
- Die fliek Avengers Endgame beter presteer by die loket Titanic.
- Maandag is die eerste dag van die week.
- In Paraguay word Moedersdag op 15 Mei saam met die Onafhanklikheidsdag gevier.
- Die universiteit is 20 minute van die huis af. As ons klas 8 het, moet ons minstens 7:40 vertrek om betyds te wees.
- Dr. Jacinto Convit het die entstof teen melaatsheid geskep.
- Op 15 April het 'n brand in die Notre Dame-katedraal in Parys voorgekom.

❖ Mening

In plaas daarvan is 'n mening 'n gedagte oor iets, hetsy oor 'n feit of oor 'n persoon, ding of plek. Die gedagte of idee word ondersteun deur die argumente van die persoon wat dit uitgee, wat mettertyd kan verander.

Voorbeelde:

- Ek hou nie van hoesstroop nie, dit smaak baie bitter.
- Die fliek Titanic Dit is een van my gunstelinge.
- Maandae druk my neer.
- Moedersdag is my gunsteling dag van die jaar.
- Ek wil hê dat u 'n stiptelike persoon moet wees en betyds na die klas moet kom.

- Melaatsheid is 'n vernederende siekte.

Enkelvoud en meervoud

- **Enkelvoud** is die grammatikale getal wat verwys na een lid van 'n aangewese klas.

  Dit is die grondleggende grammatikale getal. Die mees algemene onderskeid in grammatikale getal is tussen enkelvoud en meervoud.
  Nie alle tale het grammatikale getal en daarom onderskeiding tussen enkel- en meervoud nie.
  Daar is egter ook tale wat ander onderskeid tref en spesifieke vorms vir twee, drie of 'n paar van 'n las objekte het.
  Sommige selfstandige naamwoord, soos melk of reën, kom in tale soos Afrikaans slegs in die enkelvoud voor.

- **Die meervoud** is die vorm van ‘n selfstandige naamwoord wat dui dat daar meer as een is.

  - Kort vokale

  Ons skryf die konsonant dubbeld om seker te maak dat die vokaal kort bly. kat – katte
  pan – panne rak – rakke wet – wette bos – bosse

  - Lang vokale

  Lang vokale word dubbeld geskryf in ’n geslote lettergreep en enkel geskryf in ’n oop lettergreep.
  werk – werke haar – hare graad – grade boom – bome
  stoof – stowe (let op dat woorde wat op ‘n lang vokaal en ‘n f eindig, kry ‘n w in die meervoud)

  - Meervoude met ‘n –s

  By woorde wat eindig op ’n l, m, n, en r palm - palms
  huisie – huisies jagter - jagters wapen - wapens laken - lakens

  - Meervoude met ‘n -e –

  By woorde met lang vokale of diftonge voor die slotkonsonant. huis – huise
  tou – toue laai – laaie koei – koeie vurk – vurke

  - Meervoude by woorde wat eindig op -ng

  ring – ringe slang – slange koning – konings piering – pierings
  kussing – kussings tong – tonge

  - Meervoude met -te

  bees – beeste fees – feeste gesig – gesigte produk – produkte kas – kaste

  - Meervoude waar die afkappingsteken gebruik word

Alle woorde wat eindig op ’n i, o, u en ’n beklemtoonde (lang) a, kry ’n afkappingsteken in die meervoud.
foto – foto’s video – video’s
skoonpa – skoonpa’s skadu – skadu’s bikini – bikini’s

- Meervoude waar die deelteken gebruik word

By woorde wat eindig op ’n ie, ee of oe en wat ’n -e in die meervoud bykry. By woorde wat eindig op ’n g en waar die g wegval in die meervoud.
fee – feë oog – oë
reënboog – reënboë vlieg – vlieë
oorlog – oorloë

- Meervoude waar die kappie gebruik word

Die g val weg en die vokaal voor die g kry ’n kappie.
brug - brûe sog - sôe wig - wîe rug – rûe

- Meervoude met -ens

vrou - vrouens nooi - nooiens lewe - lewens bad - baddens bed - beddens wa - waens hawe - hawens
gevoel - gevoelens

Geslag

Manlik/vroulik

Hoewel daar deedae 'n neiging is om nie na geslag te verwys nie, uit vrees dat dit as seksisties beskou kan word, besit Afrikaans wel die vermoë om tussen twee geslagte te onderskei. In die meeste gevalle word die manlike vorm (of indien moontlik die onsydige vorm) egter in publikasies gebruik.

Dit is daarom nie verkeerd om te sê "Meryl Streep is 'n gesoute akteur" nie.

Hier volg enkele voorbeelde van manlike en vroulike vorme.

Manlik	**Vroulik**
Akteur	aktrise
Bedrieër	bedriegster
beer (vark)	sog
beer (wilde dier)	berin, beerwyfie
boer	boerin (die vrou van 'n boer is 'n boervrou)
broer	suster
bruidegom	bruid
bul	koei
bulkalf	verskalf
danser	danseres

Verkleiningsvorm

- 'n Verkleinwoord (of diminutief) is 'n vorm van 'n woord wat dui op 'n kleiner vorm van 'n voorwerp.
- Dit word gevolglik hoofsaaklik met selfstandige naamwoorde gebruik, maar ander woorde kan ook verklein word.
- Verkleiningsvorme het soms 'n figuurlike, simpatieke, sarkastiese of eufemistiese betekenis, en word ook soms vir troetelname gebruik.

- In die meeste tale word 'n verkleiningsvorm gevorm deur 'n agtervoegsel en/of 'n ekstra verbuiging van die oorspronklike woord.
- In Afrikaans word die agtervoegsels -tjie, -jie, -pie, -kie en -ie saam met 'n paar verboë vorms gebruik.

Voorbeelde:

kind	kindjie
hand	handjie
bed	bedjie
hond	hondjie
bad	badjie
perd	perdjie
vriend	vriendjie
tand	tandjie
speld	speldjie
eend	eendjie

Direkte en indirekte rede

- Direkte rede herhaal die presiese woorde wat die persoon gebruik het, of hoe ons hul woorde onthou.
- Indirekte rede fokus meer op die inhoud van wat iemand gesê het eerder as op hul presiese woorde.

Voorbeelde:

- Direkte toespraak- Maya het gesê 'Ek is nou besig'.
- Indirekte toespraak- Maya het gesê dat sy toe besig was.
- Direkte- Sy het gesê: 'Ek is gelukkig'.
- Indirek- Sy het gesê (dat) sy gelukkig is.
- Direkte- Hy het gesê: ‘Ons kan nie sonder lug lewe nie’.
- Indirek- Hy het gesê dat ons nie sonder lug kan lewe nie

- Direkte- Sy sê/sal sê: ‘Ek gaan’
- Indirek- Sy sê/sal sê sy gaan.
- Direkte- “Ek speel kitaar”, het sy verduidelik.
- Indirek- Sy het verduidelik dat sy kitaar speel.